

Dinsdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 6:4-11 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Hosea 6:6

Gehoorsaamheid is liefde vir en kennis van die Here

Ná die belofte van lewe in vers 2 en 3 volg daar nog steeds die oordeel van die Here. Die rede hiervoor is dat die genade van die Here nie in die volk in liefde oorgegaan het nie.

In vers 4 sê die Here dat die liefde van die volk soos dou is, soos wolke wat mooi op-kom en dan net verdwyn. Vol belofte, maar sonder enige werklike inhoud. Die gevolg is 'n volk wat die skyn het dat hulle die Here dien, offers bring en tempel (kerk) toe gaan, maar eintlik besig is om vir hulleself te lewe, selfs ten koste van ander.

Uit so 'n volk word selfs die priesters, diegene wat ander in geloof moet voorgaan, die voorbokke in die onreg, eerder as die stem van die Here.

Die Here sê egter self wat die ander kant hiervan kan wees. Liefde eerder as offerande, kennis van die Here eerder as brandoffers. Dit is, met ander woorde, 'n lewe in die Here wat op die Here gerig is en nie op onself nie. Dis 'n lewe waar ons diens aan die Here nie maar net iets is wat ons doen nie, maar waar ons die Here dien uit liefde omdat Hy ons in Jesus Christus eerste liefgehad het.

Sing: Psalm 119-1:11

Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)